Getal 8 storie:

Toe kom daar agt muise. Die getalsimbool 8 en getalnaam agt kom voor op die huis waar almal dit kan sien. En daar is agt deurklokkies teen die deur. Die agt muise knaag agt gaatjies in die houtvloere in hul kamers en grawe ondergrondse tonnels sodat hulle uit hul agt slaapkamers by die huis kan in en uit gaan. Omdat hulle so klein is, het hulle nie groot slaapkamers nodig nie. Hulle is gewoond daaraan om in die veld te bly omdat hulle veldmuise is, maar is opgewonde oor die plan om in 'n nuwe huis langs die paddas te woon.

Hulle bou 'n groot sitkamer omdat hulle graag dans en partytjies hou. Elkeen bespeel 'n instrument. Een bespeel die klawerbord, een 'n kitaar, een 'n viool, een 'n fluit, een 'n trompet, een 'n marimba en twee speel trom. Daar is dus agt instrumente in die huis. Die ander diere hou daarvan om te luister hoe die agt muise hul agt instrumente bespeel. Soms stamp die diere hul voete en hoewe op die maat van die musiek.